

Die **DROOMGENOOT**

WINTER 2024



Die DROOMGENOOT

*Goeiedag alle Droomgenoot-lesers,
Ek glo almal is gesond en aan die gang.*

Hier is ek, nou al 4 maande later - deel van 'n wonderlike groep mense, ek is gelukkig, ek glo ek is gesond en kan doen wanneer ek wil, wat ek wil!

Dit wil lyk asof die winter ons nie sommer uit sy kake gaan loslaat nie. Ek het vanoggend vroeg met my dogter in die Kaap gesels en volgens haar is dit alweer/steeds nat en koud. Gelukkig sien ons darem die son, meer as die reën en danksy die reën wat wel nou en dan val, is ons damme vol.

Al die opwinding van die Olimpiese spele is nou verby en dit laat 'n vreemde leemte. Ek kon hoor hoe almal elke dag gesels oor wat hulle die vorige aand gekyk het en hoe mooi en opwindend dit was. Die besef tref my toe dat ons dit eers weer oor 4 jaar sal kan beleef – maar..... dit is 'n lang tyd, wie van ons gaan nog hier wees om weer opgewonde te raak ook goue/silwer/brons medaljes? Dit laat mens net weer bewus raak van die verganklikheid van ons menswees. Niemand dink aan doodgaan in die nabye toekoms nie, maar mens wonder tog oor die verre toekoms. Ons moet dus elke dag leef asof dit ons laaste dag is: wees vriendelik, doen dinge, kuier, moenie kla oor alles nie, as jy aan iemand dink, kontak die persoon! Ons is hier in die bevoorregte posisie om elke dag kos te kry (wat ons nie self hoef te maak nie), tussen 'n klomp mense te wees teenoor wie ons vriendelikheid en omgee kan wys en ook in die mooie Suid-Kaap waar kuns en kultuur baie beskikbaar is. Gebruik die voordele en raak opnuut bewus van die mooi van die lewe!!

Groete

Lise Veldsman

Tel: 082 776 2595

Faks: 086 6133 804

E-pos: lise@droomriversdal.co.za

EK glo in die SON, al skyn dit nie. EK glo in LIEFDE, al is ek alleen. Ek glo in GOD, selfs as HY stil is

If it would last forever, it wouldn't be special.



SO BRAAI ONS.....



UIT DIE BAAS SE STOEL

Môre almal,

Die afgelope kwartaal het glad nie terug gestaan vir ander jare nie. Sodra ons dink dit gaan nou rustiger raak, dan word ons toegegooi. My Kaapse vriende sê ek het darem seker nou 'n lekker rustige joppie!!! As hulle maar geweet het hoe ver dit van die waarheid is.

Die reëlins vir die basaar het woes gegaan. Eers is die slagpale gesluit, toe 'n nuwe eienaar en so het die tyd amper uitgeloop. Nietemin is die basaar puik aanmekaar gesit en weereens het die ondersteuning van die publiek nie ontbreek nie. Verkope was egter die jaar baie swak hoofsaaklik omdat verskeie organisasies nie by goedgekeurde datums hou nie en tweedens bitter swak ondersteuning van ons eie inwoners. Ons verkope was die jaar met 20% swakker as verlede jaar. Die probleem is dat alles die inwonerstarief aan die einde van die dag beïnvloed.

Intussen is ons "ramp" toegemaak na jare van geld wegsit. Die enigste bydrae tov die "ramp" was Oom Frans Cockrell en ek glo hy smile vandag.

Ons solar-stelsels is geïnstalleer by Ou Meule, Jan Lange asook die Admin kantore en in goeie werking. Dit is steeds nie vir besparingsdoeleindes nie, maar vir konstante kragvoorsiening. Met die proeflopie is agtergekom dat ons ook kragprobleme ondervind. Nuwe distribusieborde is ingesit en kragveranderinge is aangebring wat dinge nou weer goed laat werk.

Oor die laaste jaar het ons heelwat inwoners verloor, maar terselfdertyd kan ons ook heelwat nuwe inwoners verwelkom. Ek hoop en glo dat jy 'n heerlike verblyf by ons sal geniet. Riaan Bernardo, ons maatskaplike-dienste bestuurder is tans in die hospitaal, baie ernstig siek en ons bid hom die Here se hand en voorsiening toe. Ons glo dat hy die beste versorging sal ontvang soos hy altyd na ons inwoners omsien en versorg. Sterkte my vriend

CJ Veldsman

VONKE UIT DIE VUURKLIP (Mnr J Oosthuizen)

Goeiedag almal!

SOMER EN 'N ODE AAN DIE WINTER.

Oorle Pa het my geleer om nie teen winter en somer te baklei nie. Ons moet daarby aanpas, want ons kan nooit wen nie. Daarby hou ek. Ek pas aan by die winterkoue en bly gesond. Hóé, is anderdag se storie.

As ek 'n kolletjie gehad het vir almal wat bibberend vir my al gevra het of ek nie koud kry nie, sou ek van 'n trop swart hoenders tarentale kon maak. Ek trek lig aan want ek wil voel hoe die wintersonnetjie my lyf warm streel. Ek maak my lyf gewoon aan koue en kan nie onthou wanneer ek laas verkoue gehad het nie en ek het nog nooit 'n griepinspuiting geneem nie. Ek het in die Laeveld groot geword en ken versengende hitte wat kraaie laat gaap. Daardie drukkende, versmorende hitte wat jou in die noutes vasdruk! Bedags het gewone swemdamwater jou goed afgekoel en lafenis gebied, maar snags het mens jou lakens natgesweet. My goeie vriend wat saam met my daar grootgeword het, sê hoeka 'n man dra daar net 'n langbroek as jy nie meer skoon onderbroeke het nie.

Moenie dink ek weet nie wat snerpende koue is nie. Dit hang net af waar hy sy ysige kloue in jou inslaan as jy nie betyds voorsorg kon tref nie. Gaan speel jy nou, as Laevelder, vroeg oggend, op Belfast op 'n spierwit gerypte veld 'n Rugbywedstryd... Nee, koud kan vrék koud wees! Daar word nie aan wen gedink nie. Net aan die eindfluitjie wat genadiglik gaan blaas, want balle glip deur bevrore vingers en as jy laaggevat word, kry jy bitter seer.

Twee kere het ons byna verkleum: Die eerste keer bó in die Drakensberge toe daar nie vir ons plek in die oornaghut was nie. Die tweede keer was in Clarence se wêreld toe ons motor gebreek het en ons nêrens hulp kon kry nie. Die wind was ysig koud. Koue het in murg en been ingekruip. Daardie dae het dood aan ons deur geklop.

Nou hoe dan nou gemaak? Oorle Pa het gesê die Here het vir ons winter en somer gegee en nie een is te erg nie. Ons moet dit vat soos Hy dit vir ons gee en nie oor een van die twee kla nie.

Soos gesê is ek in die Laeveld gebore en getoë en ek ken daai son wat die laaste bietjie lus vir die lewe snikheet, swetend uit jou uitmergel. Daar trek soms koel luggies, maar baie keer gebeur dit dat mens in die sweet van jou aanskyn jou sal rus vind of dalk ook jou brood moet verdien..

Ja, daar is maniere om af te koel. Mens kan seker 'n nat laken of handdoek oor jou lyf gooi en die waaier oor jou laat waai, maar dit bly 'n onpraktiese spulletjie. En waar loop lê jy as jy nie wil hê 'n onnutsige windjie moet jou uitgedroogde verkoeler afwaai nie?

Daar is natuurlik iets soos waaiers, lug- en selfs waterverkoeling, maar man, van dié goed is soms onooglik en in die pad - en die goed is duur en raserig en die goed kan mens siek maak.

Hoë temperature wat die 40 grade merk verbysteek, gevolg deur nagte wat sukkel om weer terug onder 30 grade te daal, maak my moeg. Maar kla sal ek nie kla nie, want die liewe Vader gee hom vir ons so en as ons kla maak ons dit vir mekaar net ondraagliker. Mens kla mekaar warm

Nee, ek wil liever sing van die winter. Ek is 'n wintermens, want die winter gaan gepaard met die lekkerste lekkertes. Anders as in die somer, kán mens dit vir jou lekker maak. Moet net nie die winter sien as 'n nare ysmonster wat sy yskloue in murg en been gaan inslaan nie. Ontspan! Dis net 'n seisoen! Maak vrede en maak planne.

Die kaal, blaarloose bome en die laatherfs blomme vertel mos dat die eerste skelm, bekruipwinterdae in die lug is. Dis tyd om uit te pak en reg te maak vir die winterkoue anders word 'n mens onverhoeds betrap. As mens weet hoe, slaan jy die bibberkoues hok en geniet die winterlekkertes.

Kom ons begin in die kombuis. Dis amper so lekker soos doerie jare toe ons nog Dovers, Juwel en AGA stowe in warm kombuise

gehad. Daar hang 'n dik geur van ryk boontjiesop met baie spek en vleisigheid. Saam met die sop sluk mens varsgebakte brood of vetkoek met plaasbotter op. En die volgende oggend eet jy koue sop oor warm stywe pap. Of dalk patat!

Ja, ja maar wat van al die skottelgoed, kan mens kla, want in die somer is dit sleg om met warm water die skottelgoed skoon te worstel. Máár was daai selfde skottelgoed in wárm water en dit word 'n plesierigheid. Van die hande af word die lyf ook warmer. So voel dit

Iewers moet daar soetigheidjies ook aan die beurt kom. Ek onthou nog Ouma en Ma se melkkos met frummels of snysels (nie Macaroni nie!) met 'n groot klont smeltende plaasbotter. En as die nat koue toeslaan, word daar pannekoek gebak en ingeryg. Ja, jy kan maar weglê want daar word nie bietjie deeg aangemaak nie en as suiker en kaneel nie meer lekker is nie, is Lyell's Golden Syrup nog daar

Nes die winter aan die lywe begin vat, word die nartjies ryp en as jy weer kyk, lok die Nawellemoene mens om sommer by die sak te koop. Sitrus verjaag verkoue! En Oupa skil die lemoene sonder om die mes te laat glip en die kleinkinders kyk wie se skil die langste is en dan versier hulle al wat 'n ding is met die skille.

Winter suikermielies raak amper oornag volop. Wat 'n heerlike winterlekkerte! Mens koop hom klaar ontblaar, maar as jy hom op sy lekkerste wil eet koop jy die koppe nog in die blaar en dan maak jy só: Verwyder die buitenste blare en dop die res net af. Smeer die kop met botter, vou die blare terug om die kop, draai met tinfoelie toe en braai by stadige kole vir 'n super voorgereg. As ek hom op sy lekkerste wil eet, braai ek hulle in die blaar. Ek pak hulle om die rand van die kuier- of braaivuur se randkole, draai hulle en skuif hulle kort-kort nader aan die hitte. Sodra die blare verbruin het, het hy in sy eie stoom gaar geraak. Laat hom afkoel, trek die blare af, smeer botter, gooi 'n Aromatjie of eet hom sommer net so. Winterlekker, man, lêêkker!

By die genot van lekker sterk moerkoffie verby, word mens lus vir iets wat sag in die keel kan afmurmel. Jy weet wat by die

geleentheid pas en dan kies jy tussen wit en rooi en soet en droog om te drink wat vir jou lekker is. Daar's nie lawaai nie. Jy en dalk jou maters, sit knus in jas- en serpwarmte en kyk deur die wynglas na die vuur en daar word rustig, sinvol geprofeteer. Die warmte in die lyf bring wysheid en insig ...

In die somer loop die knertse sommer net deur. In die winter is dit anders. Jy rek die ure terwyl jy kyk hoe die laaste vlamme iewers in die kuierplek ronddans. Later, as voggies jou binneste verryk en verwarm het, word woorde onnodig terwyl saam gepeins en in die gloeiende kole getuur en net gesê word wat nodig is. Dis pure wintergenot.

In die winter lê die kooi elke aand vir jou en wag. In die somer is dit sommer net 'n bed met warm lakens. In die winters is dit salig anders. Mens verwarm daai koulike, amper verkleumde lyf in 'n stomende bad water of onder 'n stort, vryf jou warm droog, trek vinnig warm slaapklere aan. Mens mik vir die bed en duik onder die winterlakens en die geërfde donskomers of wolduvel in voordat die koue aan die lyf begin vat. Ja en vir die gelukkiges is daar twee lywe wat kan lepelle. Kleingoed wat deur die nag liefde en warmte kom soek, maak dit nóg lekkerder.

Ja, so is ons maar. Hunker altyd na iets anders. In die winter na die somer en in die somer anders om. Ek verlang na die winter en verlustig my in al sy lekkertes. Eers die herfs met malse kleureprag en dan die kaaltes van kom tot rus. Dan weer nuwe lewe wat uit kaaltes baldadig uitbars om die wêreld vir die somer mooi te maak. Al die veld is vrolik ...! Onthou jy nog die liedjie?

Die wisseling van seisoene is 'n skeppingswonder en die mens – ek en jy, die kroon van Sy skepping, kan dit lewenslank ervaar, bewonder en geniet.

Groete tot 'n volgende keer.....



Put the elderly in Prison

We should place the elderly in prison because
They will get a shower every day,
Video surveillance in case of problems,
3 meals a day, access to a library,
computers, Tv, gym, doctors on-site,
and free medication if needed.

The **WELSH**Bible

Put criminals in care homes
and they'll get
Cold meals, lights out at 7pm,
two showers a week, live in a smaller room
and pay rent at £2,000 a month!!

It's pretty sad that we treat prisoners
better than the elderly.

SOSIALE AFDELING

Ek kan na vier maande by Droom sê dat ek deel voel van die Droom-familie en almal het my sommer vinnig laat tuis voel. Die inwoners en al die personeel van die onderskeie afdelings ingesluit. Ons het sommer vinnig afgeskop met aktiwiteite en het 'n bedrywige vier maande agter die rug. Die gemeenskap en vrywillergers is 'n baie groot aanwinst vir ons tehuse en daarvoor is ek innig dankbaar, dat ons nog in 'n dorp kan bly waar mense regtig omgee vir ons bejaardes.



Oom
Johan
Oosthuizen
bederf ons
inwoners
elke tweede
week met
stories
vertel by
Jan Lange
asook Ou
Meule



Op 16 April 2024 besoek OVK ons inwoners en bied 'n inligtingsessie aan rakende die opkomende verkiesing

Ons inwoners geniet aktiwiteite elke tweede Woensdag in die Droomsaal of buite as die weer dit toelaat. Op 17 April het ons kegelbal gespeel in die saal.



17 April – Dementia inwoners kleur in.



“WEES DIE LIG”

18 April 2024 besoek Pastoor Bornman en behartig beide tehuse se dienste, hy sien ook `n paar inwoners na die afloop van die diens.



GROOT BEDERF

Op 19 April 2024 deel Bets van Noordwyk vir elke inwoner 'n pakkie uit wat uit 'n sepie, tandeborsel, tandepasta en sjokolade bestaan. Die pakkies is skenkings vanuit die gemeenskap asook die DA.



19 April 2024 – Ek deel vir ons Alzheimer inwoners gebreide poppies uit geskenk deur Me Suna Conradie. Hulle is vreeslik opgewonde oor hulle nuwe "babas" Johlene Streicher en Susan Rossouw help Dinsdae om aktiwiteite saam met hulle te doen. Ons speel klei, plak, slaan 'n ballon in die lug, ens.



Gideon Bybel Verspreiding kom oorhandig vir ons agt nuwe aanstellings elkeen 'n Bybel by Ou Meule op 23 April 2024.



Ons inwoners geniet kunsaktiwiteite vreeslik baie en ons probeer tenminste eenkeer per maand kuns doen by beide tehuise



Hoër Landbouskool Oakdale het ons dames heerlik kom bederf met 'n sang optrede en elkeen 'n pakkie vanaf die seuns vir **Moedersdag**. Tafels is mooi gedek en elkeen het 'n pakkie tissues en 'n handspieëltjie ontvang. Baie dankie aan Janneke Geldenhuys vir haar geskenkies en mooi maak van die tafels vir die spesiale geleentheid.



Piet Geldenhuys het vir ons mans 'n wynproe kom aanbied en Fred Conradie het hulle bederf met mooi boeremusiek vir **Vadersdag**. Baie dankie aan Wilhelm en Mandie Zietsman vir die pakkie biltong en droëwors vir elke inwoner.



Ons inwoners was baie bevoorreg met optredes. Rooiberg Musiekgroep van Van Wyksdorp het kom optree by ons en al die inwoners heerlijk bederf met melktert. Daar was tot gedans ook.





Canticum Novum a Capella, koor van die Wynland het ons kom bederf met pragtige sang by Ou Meule.

Ons hou ons besig met speletjies soos Bingo en wanneer die weer dit toelaat gaan stap ons met van ons rystoel inwoners. Baie dankie aan ons leefreg inwoners wat altyd bereidwillig is om te help.

Ons inwoners het ook 'n heerlike uitstappie gehad na Kasselshoop oppad Stilbaai toe. Hulle proe verskillende kase en

leer ook meer oor die proses van kaas maak. En geniet ook 'n heerlike glasie wyn.



Ek kan met groot dankbaarheid dankie sê aan ons Hemelse Vader vir 'n instansie soos Droom, wat 'n puik diens lewer aan ons bejaardes en vir al die ondersteuning van Riversdal. Dit is 'n voorreg om hier te kan werk en te help om 'n verskil te maak al is dit op die kleinste manier.

Groete tot 'n volgende keer.

Mariana

"So... watse werk doen jy?"

Ja.... daai blerrie vraag.

Gewoonlik op 'n plek waar almal soos strykplanke regop staan met 'n glas wyn in die hand en kort-kort wegkyk na nuwe aankommers terwyl jy praat en hulle probeer maak of hulle nog luister.

Sodat my antwoord jou kan help om my 'tipe' iewers in jou brein te file. En ek daar kan staan met al my lae en lae menswees en jy my kan laat voel soos iemand wat die eerste rondte in Flinkdink uitgeval het. Of verstom luister asof ek wonderlik is terwyl ek elke dag feilbaar vol foute net my dae probeer oorwin?

So vra my eerder een van die lugruim vol vrae wat daar is om te vra.... Soos wat doen ek om my hart vol te maak? Wat is my skills? Swem ek kaal of met klere? Hoe gaan dit met my lewe? Wie was my lekkerste boyfriend. Watse musiek luister ek? Hou ek van lê-vakansies of sweet-vakansies?

Ek sou jou wou vertel dat my favourite kleur pers is - want dis intens en teenwoordig. Ek sou wou sê dat ek die meeste van my lang lens hou, want dan kan ek mense se harte van ver af onsigbaar afneem, terwyl dit op die maklikste wys.

Ek sou vertel dat my bed soos die veiligste plek in die wêreld voel en dat kinders grootmaak die scary-ste ding is wat ek in my lewe gedoen het. En dat ek van eerlike mense hou. En dat ek só graag saam met my seun nog 'n nuwe taal wil leer en sleg voel dat ons nog nie daarby uitgekom het nie. En dat ek eendag nog 'n kerkorrel uitvoering sou wou gee.

En ek sou jou wou sê dat ek smalltalk haat... amper soveel soos stadige bestuurders. En vir jou wou vra of jy weet hoekom my veldtuin se plante aanmekaar van voor af vrek.


Ons sou lank kon gesels, ek en jy. Maar nou jy vra my watter werk ek doen. So ek sal vir jou die boonste laag van my ui afskil. Sodat jy kan dink jy weet wie ek is.

En more sal jy vriendelik groet in die coffeeshop, en vir die mense by jou vertel jy ken my, en hulle van my boonste layer vertel. En dan sal almal instemmend knik, en as hulle klaar geluister het dink hulle ken my nou ook. En nog 'n rondte refills bestel.

Terwyl ek en my bazaarboek persoonlikheid in die hoek 'n boek sal gaan sit en lees. En so dankbaar bly sal wees die stoel oorkant my is leeg. In vrede.

© hekelwoorde

Bundels www.hekelwoorde.co.za



HCBC Projek (Home Community Base Care)

Mediese kalender 2024 (Julie-Sept)

Belangrike dae om in gedagte te hou:

JULIE:

- Geestesgesondheid-bewusmakingsmaand
- Plastiekvryemaand



11 Julie: Wêreld bevolkingsdag

18 Julie: Internasionale Mandeladag

27 Julie: Osteo-artritis bewusmakingsdag

AUGUSTUS:

- Vrouegesondheid-bewusmakingsmaand
- Orgaanskenking-bewusmakingsmaand
- Mondversorging-bewusmakingsmaand

Augustus is Nasionale Mondgesondheidsmaand – tyd om ekstra aandag aan jou tandheelkundige roetine te gee, veral aangesien twee van die wêreld se mees algemene gesondheidsprobleme die mond raak – holtes (tandkariës) en tandvleissiekte.

1 – 7 Aug: Borsvoedingsweek

9 Aug: Nasionale Vrouedag

SEPTEMBER:

- Dimensie-bewusmakingsmaand
- Oogsorg-bewusmakingsmaand
- Kanker onder kinders
- Hartgesondheid
- Nasionale maand vir dowe persone

21 September: Wêreld Alzheimersdag

World

Alzheimer's

Day

21 Sept

World Alzheimer's Day, a part of Alzheimer's Month, is observed every year on the 21st of September, with an objective to create awareness about the misconception of dementia and Alzheimer's and to encourage and support the families of Alzheimer-affected patients to tackle and fight it.



29 September: Wêreld Hartdag

HCBC-“Wellness”-projek

Departement Gesondheid het met die toekenning vir die 2023/2024 jaar vereis dat DROOM ook die “Wellness”-projek vir die Hessequa COPC area moet bestuur.

Die welstand van ons gemeenskap is deel van ons missie. In samewerking met verskeie rolspelers soos die plaaslike munisipaliteit, verskillende kerk denominasies, Brandweer, Working on Fire, Kankervereniging, Polisie, DOH, Besigheid, ACVV, plaaslike Skole/kleuterskole, Departement Maatskaplike Dienste en die Verkeersdepartement, probeer Droom om 'n verskil in ons gemeenskap te maak. Die gemeenskap maak saak en elke menslike kontak moet waardig voel.

Deur inligtingsessies, gemeenskapsuitreike, optogte, besoeke aan kleuterskole, vitamien A/diarree/polio-uitreik/inenting/MMC/Papsmeer-uitreike word gesondheid en welstand bevorder.

Die Wellness-koördineerderspos was moeilik om te vul a.g.v. die tekort aan Verpleegkundiges in die platteland. Na vele advertensies het ons uiteindelik 'n Wellness-koördineerder nl, Sr. Joanné Nieuwenhuizen, vanaf 15 Mei 2024 aangestel.

Die hele Hessequa (COPC-area) moet bedien word en saam met haar span maak sy alreeds 'n verskil in ons omgewing.

Ons verwelkom graag vir Sr. Joanné, 23 jaar oud en 'n boorling van Worcester.

Sy is 'n Geregistreerde Verpleegkundige en het haar studies voltooi deur Western Cape College of Nursing.

Sr. Joanné het verpleging studeer omdat sy daarvan hou om vertroosting en opvoeding te bied aan diegene in nood en om in moeilike situasies in te gryp. Menslike konneksies was nog altyd vir haar belangrik. Verpleging is vir haar 'n geleentheid om mense op hul kwesbaarste tye te help.

Sy beskryf haarself as volg:

“As ek myself in 3 woorde moet beskryf: Ambisieus, passievol en empaties.

My lewensfilosofie is: Elke dag bring die moontlikheid van 'n Wonderwerk!”



Sy en haar span het reeds vele uitreike en ope-dae gehou, nl: Vrouedag, Jeugdag en HIV-toetsing.





Winter-groete

Melody Veldsman (HCBC Projek)

"If I could live my life over again,

I would have gone to bed to rest when I felt sick instead of pretending the earth would stop if I wasn't at work for a day...

I would have burned the pink candle carved like a rose instead of letting it melt in the pantry...

I would have talked less and listened more...

I would have invited friends to the table even if there is a stain on the carpet and the couch needs to be cleaned.

I would have eaten popcorn in the "good" room and wouldn't have worried so much about dust when someone wanted to light a fire in the fireplace.

I would have taken the time to listen to my grandfather telling stories from his youth.

I would never have insisted on driving with the car windows up on a beautiful summer day, just because my hair was freshly styled and fixed.

I would have been lying on the meadow with my head on the grass.

I would have cried and laughed less watching TV and more watching life.

But, most of all, to have a second chance at life, I would cherish every moment, I would really look at it... I would live it...

I wouldn't get so worked up over petty things anymore...

Don't worry about those who don't like you, or rather, you shouldn't care who does what...

Instead, let's cherish the friends we have and the people who love us...

And do what we do every day to improve our mind, body, soul, emotions."

(Source: net
Ctto🌀)



UIT DIE VERPLEEGAFDELING

Hallo lesers,

Dit is al 'n geruime tyd sedert ons laaste uitgawe van die DROOMgenoot. Baie water het sedertdien in die see geloop. Die DROOM-myl en DROOM-golfdag is uitgestel. Personeel het gekom en gegaan. Bejaardes is opgeneem in die tehuis en ons moes ook 'n paar aan die dood afstaan. Dit is nooit maklik om dit te doen nie. Al die inwoners kruip so onder jou vel in en as die dag aanbreek om totsiens te sê, dan is daar tog 'n stukkie in jou hart wat weer afbreek.

Sr Michaels se Pa is oorlede en sy het besluit om nader aan die huis te gaan werk. Sy het by Huis Zenobia in Heidelberg begin, maar vandag kan ek met vreugde sê dat sy haar weer op 1 September by ons kom aansluit. Welkom terug Sr Michaels.

Ons was ook baie gelukkig om Sr Laurencia Bambi by ons span te verwelkom. Sy het haar opleiding by die Wes-Kaapse Universiteit van Tegnologie voltooi en haar gemeenskapsjaar in Riversdal Hospitaal gewerk. Sy is vanaf 1 Augustus in ons diens. Baie welkom Sr Bambi of soos ek haar die bynaam van Sr Bokkie gegee het.

Al is Septembermaand eers Alzheimersmaand, wil ek tog hierdie uitgawe daaraan wy, gesamentlik met bejaardemishandeling.

Dit is belangrik dat almal die tekens van mishandeling ken en weet waarvoor om uit te kyk. Mishandeling gebeur nie slegs in tehuise nie, maar ook buite in ons gemeenskap.

Elder abuse

Key facts

- **Around 1 in 6 people 60 years and older experienced some form of abuse in community settings during the past year.**
- **Rates of elder abuse are high in institutions such as nursing homes and long-term care facilities, with 2 in**

3 staff reporting that they have committed abuse in the past year.

- **Rates of elder abuse have increased during the COVID-19 pandemic.**
- **Elder abuse can lead to serious physical injuries and long-term psychological consequences.**
- **Elder abuse is predicted to increase, as many countries are experiencing rapidly ageing populations.**
- **The global population of people aged 60 years and older will more than double, from 900 million in 2015 to about 2 billion in 2050.**

Overview

Elder abuse is a single or repeated act, or lack of appropriate action, occurring within any relationship where there is an expectation of trust, which causes harm or distress to an older person. This type of violence constitutes a violation of human rights and includes physical, sexual, psychological, and emotional abuse; financial and material abuse; abandonment; neglect; and serious loss of dignity and respect.

Scope of the problem

Elder abuse is an important public health problem. A 2017 review of 52 studies in 28 countries from diverse regions, estimated that over the past year 1 in 6 people (15.7%) aged 60 years and older were subjected to some form of abuse (1). Although rigorous data are limited, the review provides prevalence estimates of the proportion of older people affected by different types of abuse. (see Table 1).

Data on the extent of the problem in institutions such as hospitals, nursing homes and other long-term care facilities are scarce. However, a review of recent studies on elder abuse in institutional settings (2) indicates that 64.2% of staff reported perpetrating some form of abuse in the past year.

Table 1: Systematic reviews and meta-analyses

	Elder abuse in community settings (1)	Elder abuse in institutional settings (2)	
Type of abuse	Reported by older adults	Reported by older adults and their proxies	Reported by staff
Overall prevalence	15.7%	Not enough data	64.2% or 2 in 3 staff
Psychological abuse:	11.6%	33.4%	32.5%
Physical abuse:	2.6%	14.1%	9.3%
Financial abuse:	6.8%	13.8%	Not enough data
Neglect:	4.2%	11.6%	12.0%
Sexual abuse:	0.9%	1.9%	0.7%

Globally, the number of cases of elder abuse is projected to increase as many countries have rapidly ageing populations. Even if the proportion of elder abuse victims remains constant, the global number of victims will increase rapidly due to population ageing, growing to some 320 million victims by 2050, as the global population of people aged 60 years and more increases to 2 billion by 2050.

Consequences

Elder abuse can have serious physical and mental health, financial and social consequences, including, for instance, physical injuries, premature mortality, depression, cognitive decline, financial devastation and placement in nursing homes. For older people, the consequences of abuse can be especially serious and recovery may take longer.

Risk factors

Individual level characteristics which increase the risk of becoming a victim of abuse include functional dependence/disability, poor physical health, cognitive impairment, poor mental health and low income. Individual level characteristics which increase the risk of becoming a perpetrator of abuse include mental illness, substance abuse and dependency – often financial – of the abuser on the victim. At the relationship level, the type of relationship (e.g., spouse/partner or child/parent) and marital status may be associated with an elevated risk of abuse, but these factors vary by country and region. Community- and societal-level factors linked to elder abuse may include ageism against older people and certain cultural norms (e.g., normalization of violence). Social support and living alone reduce the likelihood of elder abuse.

Prevention

Many strategies have been tried to prevent and respond to elder abuse, but evidence for the effectiveness of most of these interventions is limited at present. Strategies considered most promising include caregiver interventions, which provide services to relieve the burden of caregiving; money management programmes for older adults vulnerable to financial exploitation; helplines and emergency shelters; and multi-disciplinary teams, as the responses required often cut across many systems, including criminal justice, health care, mental health care, adults' protective services and long-term care.

In some countries, the health sector has taken a leading role in raising public concern about elder abuse, while in others the social welfare sector has taken the lead. Globally, too little is known about elder abuse and how to prevent it, particularly in developing countries.

WHO response

In line with WHO's *Global strategy and action plan on ageing and health* and the [UN Decade of Healthy Ageing \(2021–2030\)](#), WHO and partners collaborate to prevent elder abuse through initiatives that help to identify, quantify, and respond to the problem, including:

- synthesizing evidence on the prevalence, consequences, determinants, and interventions to prevent and respond to elder abuse, particularly in low- and middle-income countries where data are limited.
- disseminating information to countries and supporting national efforts to prevent elder abuse; and
- collaborating with international agencies and organizations to deter the problem globally.

Wat behels mishandeling van bejaardes alles?

Wat tel as mishandeling? Soms is mens net vaagweg ongerus. En as jou ouer selfs net 'n ligte graad van demensie het terwyl die versorgers sjarmant en beleefd voor jou en teenoor jou is, weet jy nie regtig wat agter jou rug gebeur nie.

In ander gevalle vermoed of sien jy dat 'n familielid op 'n bejaarde teer. Dit is ook mishandeling.

1. Fisieke mishandeling

Dit is dié kruste vorm van mishandeling en verwys na optrede wat besering of fisiese ongemak veroorsaak, soos klap, gestamp, geslaan, vasgemaak, gebrand of gesny word.

Jy behoort die tekens taamlik maklik raak te sien, met onder meer bloukolle, kneusplekke, brandmerke, swelsels, onverklaarbare pyn en onverklaarbare beserings. Soms word die besering aan die lyf gedoen, waar jy dit nie maklik sal raaksien nie.

2. Emosionele mishandeling

Hierdie vorm van mishandeling is meer subtiel en moeiliker om vas te pen. Maar jy kan dit nie ignoreer nie, want dit veroorsaak geweldige stress, magteloosheid en ongeluk. Tipes sluit die soort daade in wat daartoe lei dat die bejaarde beledig, geïgnoreer, beskuldig, geïsoleer, verneder, afgepers, uitgeskel, name genoem word, op geskreeu word en/of op een of ander manier geïntimideer word.

Dit kan baie moeilik wees om die aggressor te betrap want dit sal selde, indien ooit, voor jou gebeur. Maar oorweeg dit as 'n ouer wat gewoonlik ontspanne en gelukkig is, nou senuweeagtig is, gespanne is, ontsteld is, bang is, angstig is, onttrek hom /haarself, huilerig is maar nie wil sê waarom nie of om geen rede hulle selfvertroue verloor.

3. Finansiële mishandeling

Dit behels die misbruik, gebruik, uitbuiting, diefstal of verkryging van die bejaarde se fondse, middels of bates sonder sy volle toestemming, kennis of onder dwang. Bedrog en aksies wat daartoe lei dat die bejaarde finansiële skade lei, tel ook as finansiële misbruik.

Bates en fondse sluit in eiendom, besittings, motor, pensioen, kontant, beleggings of enige ander gelde.

Oplossings kan insluit dat 'n onafhanklike professionele persoon, soos onder andere 'n maatskaplike werker, deur die hof aangewys word om die bejaarde se finansies te bestuur.

4. Sosiale en fisiese isolasie is ook mishandeling

Bejaardes mag nie in 'n kamer toegesluit of geïsoleer word nie.

5. Passiewe verwaarlosing

Dit gaan oor die versuim om sorgbehoefte te vervul, soos dat kos, warmte, klere, persoonlike reiniging en noodsaaklike medikasie weerhou word, of nie voorsien word nie, of nie voorsien word wanneer dit benodig word nie.

Dit kan taamlik maklik opgetel word: jy sal tekens sien soos dat die bejaarde soms of meestal vuil en onversorg lyk, gedehidreerd is en/of ondervoed is. Sy omgewing, klere en beddegoed is onversorg, en as hy aan 'n mediese toestand ly word dit duidelik waarneembaar nie korrek behandel nie.

6. Seksuele mishandeling

Dit sluit seksuele aanranding, teistering of dade teenoor 'n persoon sonder sy/haar volle kennis en/of toestemming. Tekens van seksuele misbruik is kneusplekke, bloeding, pyn of beserings in die abdominale area en geslagsdele, of herhaaldelike episodes van sistitis of veneriese siektes. Dikwels toon die bejaarde hiermee saam die tipiese simptome van emosionele mishandeling.

7. Ontneming van menseregte

Hierdie soort van mishandeling gaan oor die ontkenning van 'n bejaarde se fundamentele regte, wat insluit respekvolle behandeling, behoud van menswaardigheid, reg op persoonlike privaatheid en reg op vryheid van denke, geloof, opinie, spraak, uitdrukking en beweging.

8. Selfverwaarlosing

Soms verwaarloos bejaardes hulle self en versuim hulle om hulle self te versorg, te reinig en behoorlik te eet. Soms is drank ook 'n probleem en dit verg ook aandag.

What can I do to stop elder abuse?

Elder abuse is a crime in South Africa. The Department of Social Development works closely with NGOs to prevent elder abuse. If you suspect elder abuse, you can contact your nearest [Social Development office](#).

There are non-governmental organisations that deal with the abuse of the elderly and whose mandate includes social work intervention services, counselling, awareness campaigns and initiatives.

You can contact:

Age in Action (Western Cape)

Contact: Ms Irene Snell-Caroll

Tel: 021 423 0204

Email: irene@age-in-action.co.za

You can report human rights violations to:

[South African Human Rights Commission](#) (Western Cape)

Contact: Shafeeqah Salie

Tel: 021 426 2277

Email: ssalie@sahrc.org.za or sahrcinfo@sahrc.org.za

You can also report cases of elder abuse at your [nearest police station](#)

For financial irregularities (e.g. unauthorised deductions), please contact:

[South African Social Security Agency](#) (Sassa)

Toll free: 0800 60 10 11

Email: GrantEnquiries@sassa.gov.za

Or

SASSA Western Cape Office

Address: Golden Acre, Adderley Street, Cape Town, 8001

Tel: 021 469 0200

Fax: 021 469 0260

Email: GrantsEnquiriesWC@sassa.gov.za



GEBED VAN 'N BEJAARDE

SKRYWER: ONBEKEND

*As ek oud word. O Heer maak my minsaam en lief.
As alles te swaar word en so vol ongerief.
As dit skyn of mense nie meer omgee vir my nie.
As ek treurig en alleen voel, wil U tog by my bly.*

*As my liggaamskragte verswak elke dag.
As pyne en smarte en lyding vir my wag.
As die laste te swaar word en ek begin vrees.
As ek dan tot U roep, wil U tog by my wees.*

*As ek my kwel en bekommer oor elke klein saak.
As alles my steur en alles my raak.
As ek dan vir ander tot las voel, o Heer.
As ek dan tot U kom, troos my tog teer.*

*As die jare verbygaan so een vir een.
As ek stil in my kamer sit en ween.
As ek my hart voor U blootlê, o Heer.
As ek so tot U kom, help my tog weer.*

*As ek miskien binnekort die doodsdal deurgaan.
As ek eersdaags miskien voor U troon sal moet staan.
As ek dan voor U kniel met bewing en vrees.
Laat die bloed van Jesus my beskerming wees.
AMEN*




DEMENTIA

- Wat is Dementia?
- Groep simptome wat 'n negatiewe impak op die volgende het
 - GEHEUE
 - TAAL
 - PROBLEEM OPLOSSING
 - DENK VERMOË
 - KONSENTRASIE VERMOË
 - LOGIESE DENKE



Nege Tipes Dementia

- Alzheimer se siekte
- Vaskulêre dementia
- Lewy body dementia
- Parkinson's
- Wernicke-Korsakoff (Alkohol dementia)
- Frontotemporale dementia
- Creutzfeldt-Jacob
- Huntington's siekte
- Veelvuldige dementia (persoon het meer as een tipe dementia)



Beskrywing van Dementias



Alzheimers

- Die algemeenste Dementia
- Progressiewe siekte-toestand van die brein
- Verorsaak stadige agteruitgang van die geheue en kognitiewe funksies
- Oorsaak is onbekend en geen genesing tot dusver



Vaskulêre Dementia

- Tweede algemeenste oorsaak van Dementia
- As gevolg van veelvuldige klein beroertes in die brein
- Soms gebeur die klein beroertes ongesiens en die persoon toon geen simptome soos swakheid, verlies van sig of dooie gevoel in die ledemate nie
- Persone met hoë bloeddruk of hartsiektes mag 'n risiko wees vir Vaskulêre Dementia

LEWY BODY DEMENTIA



- Dié tipe dementia word veroorsaak deur die abnormale ophoping van sekere proteïene in die neurone van die brein.
- Die primêre tekens van Lewy body dementia is vergeetagtigheid asook tekens van kognitiewe agteruitgang. Hallusinasies kan ook voorkom wat baie werklik vir die persoon voel.
- Sommige persone ontwikkel ook simptome wat soos Parkinson's lyk, met tremore (erge bewerigheid) en stadige beweging

PARKINSON'S SE SIEKTE

Parkinson's Disease Symptoms





PARKINSON SE SIEKTE

- Verorsaak fisiese simptome eerste
- Probleme met kognitiewe funksie, wat later vergeetagtigheid en probleme met konsentrasie mag insluit
- Soos die siekte mettertyd erger raak, sal baie van die persone ook Dementia ontwikkel
- Dit mag merkbare geheueverlies veroorsaak wat die behoud van verhoudings moeilik maak



KORSAKOFF SINDROOM (Alkohol Dementia)

- Presenteer in persone met 'n lang geskiedenis van alkohol misbruik en daarom 'n tekort aan Vitamien B12 ontwikkel
- Breinselle kan nie normaal funksioneer nie en geheueverlies is die gevolg
- Alhoewel dit in die algemeen voorkom in persone wat alkohol afhanklik is, kan dié wat aan kroniese wanvoeding ly, ook geheueverlies ontwikkel.

Do not ask me to remember

Do not ask me to remember,
Do not try to make me understand.
Let me rest and know you're with me.
Kiss my cheek and hold my hand.
I'm confused beyond your concept.
I am sad and sick and lost.
All I know is that I need you to be with
me at all cost.
Do not lose your patience with me.
Do not scold or curse my cry.
I can't help the way I'm acting,
Can't be different though I try.
Just remember that I need you,
That the best of me is gone.
Please don't fail to stand beside me
Love me till my life is done.



Die tweede deel van Dementia vervolg in die volgende uitgawe van die Droomgenoot.

Tot 'n volgende keer
Vreugdevolle groete
Linda Botha

FEEDEM CULINARY SHOWCASE

Droom se Feedem Span het deelgeneem aan die jaarlikse Culinary Showcase. Dit is Feedem se interne nasionale kook-kompetisie. 120 Spanne van oor die land was in die eerste rondte en net 45 spanne het deurgedring na die 2de rondte. Ons Droom Span was een van die 45.

Die tema van vanjaar se Culinary-kompetisie was om uitgesoekte, spesifieke geure in die dis te gebruik. Natuurlik in die hoof- en nagereg.

Die produkte waarop ons besluit het was - Charcoal en Chillie.

Ons span het bestaan uit Amanda Stapelberg (Bestuurder), Natalie Herdien (Tafeldek en bediening), Ricardo Pietersen (Hoofgereg) en Natalie Esau (Nagereg). Dit was 'n ongelooflike ondervinding en lekker om ons vernuf te wys, asook om nuwe tegnieke en geure te leer.

Ek is ongelooflik trots op die span en volgende jaar sal ons net harder moet werk om na die finaal deur te dring. Die Feedem-span van Mosselbaai het deurgedring en ons ondersteun hulle en glo hulle sal ons trots maak.

Groete en dankie vir jul ondersteuning.
Amanda



Droom Basaar 2024

Op Vrydag 2 Augustus 2024 is ons jaarlikse basaar gehou in die Burgersentrum. Dit is 'n groot hoogtepunt op ons kalender, asook ons grootste fondsinsameling vir die jaar.

Dit was 'n gesellige dag met musiek en al die verskillende items en kosse wat te koop was. 'n Groot verskeidenheid vleis, groente en vrugte en heerlike gebak was maar net 'n paar van die lekkerhede wat te koop was.

Hoe sê ons dankie vir ons gemeenskap en mense van regoor ons streek vir al die skenkings. Ons is bevoorreg met almal wat ons so goed ondersteun en altyd bereidwillig is om te help. Ons het nie so baie ingesamel soos ander jare nie, agv van minder bywoning van ons inwoners asook die besige sportnaweek van die skole. Sonder julle kan ons nie 'n sukses daarvan gemaak het nie.





Kontakbesonderhede

DROOM

Posbus 270

Riversdal

6670

DROOM: 028 7132526

E-Pos: ontvangs@droomriversdal.co.za

Web: www.droomriversdal.co.za

2023/2024-boekjaar

Personeel:

Uitvoerende Bestuurder:	Mnr CJ Veldsman
DROOM Ontvangs:	Mev A vd Berg
Personeel-beampte:	Mev M Strydom
Finansiële-beampte:	Mev MG Veldsman
Departementshoof: Maatskaplike Afdelings:	Mnr CJ Bernardo
Sosiale Koördineerder:	Me M Vermeulen
Hoof geregistreerde verpleegkundige:	Suster L Botha
Geregistreerde verpleegkundige:	Suster U van Niekerk Suster M Michaels Suster E Jordaan
Ingeskrewe verpleegkundige:	Stafverpleegster RH Ponto Stafverpleegster A Fortuin
Versorger Opleiding:	Stafverpleegster C Malherbe
Koördineerder Onderhoud:	Mnr JH Esterhuizen
Sosiale media:	Mev LA Veldsman

Home Community Base Care: (Projek befonds deur Departement Gesondheid en bestuur deur DROOM).

Administratiewe beampte: Mev MG Veldsman

Koördineerder geregistreerde verpleegkundige: Sr J Slimmert

Nie-professionele koördineerder: Mev M Jacobs

Etekaartjies:

Weeketes: R60,00

Sondagetes: R70,00

Spesiale etes: Prys sal verskaf word by navraag.

Gastekamer: Tarief sal verskaf word by navraag

Respytsorg: Tarief sal verskaf word by navraag